Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 17 Mei 1950 Prys 3d. No. 26

# Party Plus Party Nog Lank Nie Die Volk

Vir iemand wat buite die maalstroom van die partypolitiek staan, is dit pateties om die koersloosheid en futiliteit van ons politieke strewe te aanskou. Sodra een of ander volksprobleem ter sprake kom, is dit 'n geknibbel en 'n gekibbel van belang. Dit begin al wanneer 'n algemene verkiesing aanstaande is. Dan word baie definitief standpunt gekies en van weerskante aan die volk met woord en gebaar beduie hoe hierdie of daardie party aan die roer moet kom, juis om ons brandende kwessies nou eens en vir altyd finaal op te los.

En die volk glo dit keer op keer. Wat kan die volk ook anders? Daarvoor kies ons tog ons verteenwoordigers om nl. ons probleme in alle erns aan te pak en sover moontlik tot 'n bevredigende oplossing te bring.

Goed, deur intensiewe propaganda en gerugsteun deur bykomstige faktore soos bv. stygende lewenskoste, het ons party

DEUR WN. K.G. PROF. D. J. VAN ROOY

dan aan die bewind gekom en ons haal diep asem. Nou sal hulle sien wat 'n party kan doen wat werklik daarop uit is om die volksbelang te dien. So dink die argelose kieser, so dink ook menige gekose lid wat vir die eerste keer die deurlugtige Volksraadsaal binnestap en vol blye verwagting sy plek inneem. **Helaas, hoe spoedig kom die ontnugtering! Verkiesingsbelofte en eleksiekreet is een ding, parlementêre prosedure en resultaat heeltemal 'n ander ding.** Daar moet o.a. met koukusbelange, met Ryksbelange en met Opposisietaktiek baie deeglik rekening gehou word. Natuurlik word af en toe 'n vuurwarm toespraak oor so 'n volksaak afgesteek en word aan die volk voorgehou hoe dat die Opposisie daarop uit is — wat waarskynlik tot 'n mate die geval is, want waarom is hulle dan Opposisie — om die besbedoelde pogings te verongeluk. En die volk sug en betreur dit dat sy voormanne met so 'n dwase, moedswillige Opposisie opgesaal sit. Ons berus dan maar in die magteloosheid en aanvaar die halwe maatreels wat eindelik na veel moeite en wedersydse verwyt by die Goewerneur-generaal vir ondertekening aanland.

OORTUIGING VERVALS

Tog voel ons dat dit dikwels anders moes gegaan het. **Aan weerskante van die Raad sit persone wat dit in hoofsaak met mekaar eens is wanneer volksprobleme soos die Natu-** (vervolg op bladsy 6 kolom 1)

## Wetsontwerp Teen Kommunisme

# GEVAARLIKE WAPEN BINNE PARTYSTELSEL

**Deur J. de Vos**

**Die wetsontwerp teen Kommunisme is bekendgemaak en word reeds deur vriend en vyand druk bespreek. Dit verg geen profeet om te voorspel dat dit tot gedugte aanslae op die openbare mening aanleiding sal gee in 'n poging van allesoortige propagandiste om gevoelens voor en teen op te sweep nie.**

'N MIDDEL VIR STERK OPTREDE

**Oorsaak vir die beroering is onteenseglik die feit dat die wetsontwerp in sy huidige vorm in die hand van die kabinet van die oomblik 'n middel tot die allerkraste optrede, hetsy verstandig of onverstandig, sal stel.** So kan bv. teen onwettige organisasies wat as sodanig per proklamasie sonder voorafgaande kennisgewing deur die Goewerneur-generaal verklaar is, stappe geneem word wat op die volledige likwidasie van die organisasie met sy stoflike bates en fondse en sy lede en ampsdraers sal uitloop.

Uitvoerige reëlings om die oorgmerke van die wetsontwerp te bereik en voorsiening vir regstreekse optrede teen persone wat op enige wyse met die werk van die onwettige organisasie voortgaan word voorgeskryf. Die hele masjien wat tot verbanning en likwidasie lei kan in beweging gebring word as die Goewerneur-generaal, d.w.s. die die kabinet, oortuig is van slegs één van verskillende toestande wat opgenoem word.

VAE EN WYE OMSKRYWINGS

Hoe vaag en wyd die omskrywings van verbode organisasies is kan bes geïllustreer word deur die volgende stelling wat regstreeks ooreenkomstig die bewoording van die ontwerp opgestel kan word:

„**As die Goewerneur-generaal oortuig is dat 'n organisasie indirek beheer word deur 'n organisasie wie se bedrywighede daarop bereken is, selfs by gebreke aan 'n uitgesproke belydenis van sodanige doelwit, om die vestiging te bevorder van 'n regeringstelsel waaronder slegs een politieke organisasie erken word en alle ander politieke organisasies onderdruk of uitgeskakel word, dan kan sodanige eersgenoemde organisasie, d.w.s. die een wat indirek beheer word, onwettig verklaar word.**"

GOEIE TROU 'N VEREISTE BY TOEPASSING

**Uit bostaande blyk hoeseer die oordeel van die kabinet van die oomblik ten grondslag van optrede lê. Slegs as dit bv. sou blyk dat geen normale persoon oortuig KON GEWEES HET soos voorgeskryf nie, sal die Goewerneur-generaal se optrede deur 'n hof ter syde gestel kan word.** Die litigant wat dit wil bewys sal voorwaar hare op sy tande moet hê en oor feite wat gewoonlik aan die publiek onbekend is moet beskik. Voorts kan die geldigheid van die proklamasie slegs binne die eerste drie maande na uitvaardiging aangeveg word, volgens 'n spesiale klousule.

**Dis 'n skynbaar onvermydelike afleiding dat die effek van die wetgewing soos voorgestel volkome van die goeie trou waarmee dit uitgevoer word sal afhang.**

DE DILLEMMA

Van die kant van beleid beredeneer kan niemand die aanleiding wat deur die Kommunistiese taktiek daartoe gegee is ontken nie. Inteendeel. **Ingrypende maatreëls soos hierdie teen die politieke en sosiale kanker van die Twintigste Eeu kan slegs met simpatie bejeën word.** In dié sin verdien die huidige kabinet slegs steun en medewerking van alle ordentlike burgers. Dit verhinder egter seker nie selfs die sterkste regeringsondersteuner om opbouend krities die saak te betrag nie.

So beskou, is daar ook 'n keersy wat tot bedenking stem. Tot hoe 'n mate hierdie kant aan die saak optrede moet teëhou is moeilik te bepaal. Dat dit egter nie misken kan word nie is onweerlegbaar.

DIE KEERSY

**Kort gestel bestaan die keersy uit 'n bekenning dat die uitwerking van 'n sterk middel deur die persoonlike wil en eienskappe van diegene wat dit aanwend, bepaal word. Sodra die wetsontwerp opgeneem is in die wettereg van die Unie is die middel wat daardeur verkry word tot beskikking van die regering van die dag. Dit sal nie net Minister Swart wees wat die toepassing sal beheer nie, maar enigeen van sy opvolgers. En wie is daar wat hulle nou reeds kan aanwys?**

**Ongelukkig, maar onteenseglik, is die Unie-grondwet gegrondves op die beginsel van wisselende regerende partye, elkeen waarvan in sy eie afgesonderde kring van ondersteuners sy eie eksklusiewe partybeleid en sy eie eksklusiewe leiersgroep steun. Die neiging van die een om te knor as die ander glimlag, om te veroordeel as die ander toejuig, om gemeenskaplike en laste saam gedra word te vermy in 'n selfsugtige stryd om aan bewind te kom, word steeds sterker. Die stelsel maak dit onvermydelik. Getrou aan dié tendens keur die Verenigde Party reeds af wat die wetsontwerp van die H.N.P. voorstel, poog die Verenigde Party om gevoelens teen die wetsontwerp in 'n partybelang op te sweep en voor hulle politieke wa in te span.**

WIE DIE TIER BESTYG . . .

Die ou gesegde lui: wie die tier bestyg moet bo bly. **Toegepas op ons huidige posisie beteken dit dat die hand wat 'n kragtige middel ontwerp dit nie aan 'n vyand durf oorhandig nie.** Dis die toepassing wat op die H.N.P. se posisie betrekking het. Dit beteken egter ook dat wie sy posisie met twyfelagtige hulp wil bevestig en versterk maklik die stertjie kan word en nie die hondjie nie. Hierdie toepassing geld die Verenigde Party wat so ruimskoots uit die reaksie van Kommuniste en half-kommuniste voordeel haal. As kampvegter, hetsy willens en wetens al dan nie, van die kinders van die Kremlin en hul aanverwante mag hulle later as regerende party noodgedwonge die wetsontwerp in die tru-rat toepas. **Dis maklik om in te sien dat 'n V.P.-kandidaat bv. in alle eerlikheid — en onnoselheid! — van die skuld van die Ossewabrandwag en selfs die H.N.P. onder die bepalings van die wet oortuig mag wees!**

DIE UITWEG

**Die uitweg, die enigste waarvan ek weet, skyn te wees om ons Eerste Minister in alle beskeidenheid te vra om te oorweeg om die President wat hy in die plek van die Goewerneur-generaal wil stel, ook met meer gesag as dié van die Goewerneur-generaal te beklee.** Hy hoef hom nie meer magte as dié van die President van die Verenigde State te gee nie. Vir die gevaar van on-demokratiesbestempel-te-word hoef hy dus nie te vrees nie. Al wat nodig is is 'n President wat nie deur die Wetgewende Huise met 'n wantrouemosie huis-toe gestuur kan word nie, en Wetgewende Huise wat nie deur die Pre- (vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

sident in 'n ontydige ontbinding gedompel kan word nie. Dan sal stabiliteit van regering nie soos tans in partytug alleenlik gesoek hoef te word nie. Dan sal die uitvoerende sowel as die wetgewende gesag sonder vrees mekaar kan aanvul en teenstaan. Dan sal die eie oortuigings en nie slegs partyswepe nie die stemmings in die Huise bepaal en die wetgewers sal teruggroei tot meer as stempels. Ontvrore gesonde verstand sal tot sy reg kom en nasionale maatreëls sal nie slegs deur partybrille beoordeel word nie.

Aan die skeptikus wat vra: „Vanwaar jou bewyse?" wil ek antwoord: „Kyk na die werking van die Grondwet van die V.S.A., maar nie deur Brits-parlementêre brille nie."

As hierdie weg gevolg word, kan ons nasionaal-aanvaarde oplossings vir ons groot probleme, waarvan bestryding van Kommunisme slegs één is, vind. Ons het nog tyd. Net genoeg.

## BRITSE STELSEL BEVORDER TROU AAN KONING

**Onderstaande verslag neem ons oor uit Die Volksgenoot, die Afrikaanse blad in Rhodesië:**

**Sir Godfrey Huggins het Saterdagaand op Bulawayo vier voorwaardes gestel aan immigrante na Rhodesië. Hy het die Sons of England toegespreek en verklaar dat nie net Britte welkom is nie. Die vier voorwaardes is eerstens hulle moet lojale Rhodesiërs word; tweedens hulle moet een amptelike taal aanvaar; DERDENS HULLE MOET DIE BRITSE PARLEMENTÊRE STELSEL AANVAAR, WAT DIT NOODSAAKLIK MAAK VIERDENS, OM GETROUHEID AAN DIE KONING TE BELY OM WIE DIE HELE STELSEL OPGEBOU IS.**

**Uit bostaande aanhaling blyk wat meermale in Die O.B. beklemtoon is, naamlik dat die Britse parlementêre stelsel 'n uiters belangrike imperiale band is en dat Britse staatslui wel deeglik daarvan bewus is.**

# GEWETE VAN BRITSE JEUG WORD DEUR IMPERIALE SONDES GEKWEL

'n Mate van opskudding is in Britse kringe veroorsaak na aanleiding van 'n gebed wat opgestel is vir voordrag by geleentheid van die Empire - jeug-Sondagdienste op 21 Mei. Die betrokke paragraaf in die gebed verwys na die Britse imperiale geskiedenis en daarin word vergiffenis gevra van Brittanje se vergrype in die verlede. Dit lui:

**„Ons vra u om die tekortkominge van ons imperiale geskiedenis te vergewe; die hebsug en die versuim om die belange van die swakkeres in aanmerking te neem; die misverstande en verdeeldheid wat ons aangeblaas en aangehelp het; ons onverdraagsaamheid, onregverdigheid en liefdeloosheid."**

**Die jeugraad van die Church of England was verantwoordelik vir die verspreiding van die gebed, maar beswaar is teen die paragraaf gemaak deur die voorsitter van die Empire-jeug-Sondag-komitee, lord Elton. Hy meen dat dit 'n karikatuurvoorstelling gee van die Britse imperiale geskiedenis.**

**Daarteen het jeugprediker C. H. Plummer gesê dat hy met elke woord van die gebed saamstem, en dat iemand wat dit kritiseer geen begrip het van wat in die harte van jong mense in sekondêre skole omgaan nie.**

Hy het daaraan toegevoeg:

**„Enigiemand wat wil beweer dat ons imperiale geskiedenis geen tekortkominge het nie, is 'n dwaas. Dit doen ons goed om op daardie foute te wys."**

**Die betrokke paragraaf is nietemin uit die gebed geskrap.**

DIE O.B., WOENSDAG, 17 MEI 1950

# Maatreël Teen Die Kommunisme

Die Ossewabrandwag het nie rede om anders as verheug te voel dat die regering uiteindelik met 'n maatreël teen die Kommunisme verlede week gekom het nie. Die enigste beswaar wat ons in hierdie stadium kan opper is dat dit nie veel vroeër al gedoen was nie. Maar oor gestorte melk sal ons nie nou ween nie. Wat nodig is, is gesamentlike inspanning teen die magte wat besig is om ons land te ondergrawe, en daarom kan ons al dadelik aan die regering die ondersteuning van die Ossewabrandwag aanbied in sy stryd teen die Kommunisme.

Die wetsontwerp wat deur die Minister van Justisie ingedien is, is ingrypend en in vredestyd iets ongekends vir die Britse demokrasie, **maar dit beklemtoon maar net die feit dat ons in 'n eeu lewe wat nuwe eise aan die staat en die gemeenskap stel en waarvoor die Britse stelsel wat in die dae van die seilskip miskien sy nut kon gehad het, vandag nie meer deug nie.**

Van die kant van die Engelse pers word heftig beswaar gemaak teen die verreikende magte waarmee die Minister van Justisie beklee sal word — magte wat, so word geredeneer, ook van toepassing kan wees op ander organisasies soos die Ossewabrandwag. **Hierop sal ons in die eerste plaas wil antwoord dat die Kommunisme nie met halwe maatreëls en allermins met liberalistiese soetsappighede bestry kan word nie. Dit is baie moeilik om hierdie „duiwelse evangelie" met sy staatsgerigte ondervinding in ondergrondse stryd van byna veertig jaar met 'n paar formele wetsbepalings die hoof te bied.** Ons het te doen met 'n klas mens wat nie skroom om in sy amptelike handboeke die leuen openlik aan te beveel as 'n middel om die uiteindelike doel te bereik nie.

### VERKLEURMANNETJIES

**Stalin het in navolging van sy leermeester Lenin in gepubliseerde lesings en toesprake verkondig dat die taktiek voortdurend moet aanpas by veranderde omstandighede, en geen duideliker beoefening van hierdie advies hoef gesoek te word nadat die wêreld sedert die oorlog verneem het dat Moskou se stryd om behoud van die „demokrasie" gaan, en sedert mnr. Sam Kahn in die Unie-volksraad hom in sy hoedanigheid as Kommunis aangemeld het as die kampvegter van liberalistiese vryhede nie — dié regte wat Stalin se adjunk nie eens aanspraak op kan maak nie.**

In enige maatreël teen die Kommunisme moet dus voorsiening gemaak word vir die moontlikheid dat hierdie mense soos verkleurmannetjies oornag van die rooi vlag sal afkruip op die groen blaar van liberalisme of selfs nasionalisme as dit hulle beter sal pas. **Trouens, die gevaarlikste Kommuniste is lank reeds nie meer op die rooi doek nie, getuie gevalle soos Klaus Fuchs en Alan May in Engeland.**

### OSSEWABRANDWAG

Wat die moontlikheid betref dat die Ossewabrandwag ook onder die bepalings van die wetsontwerp kan val, daarvoor koester ons geen vrees nie. Van partypolitieke kant is so dikwels verkondig dat die Ossewabrandwag vir „'n vreemde stelsel" en vir „'n eenparty-stelsel" staan dat die Engelse pers nou sonder meer aanneem dat die Ossewabrandwag op grond van hierdie bewerings geraak kan word. **Maar nog nooit het enige verantwoordelike leier of amptelike stuk van die Ossewabrandwag sedert sy ontstaan verkondig dat die beweging 'n uitheemse stelsel of 'n eenparty-stelsel voorstaan nie. In teendeel, ons het juis die Britse partystelsel verwerp as uitheems en gepleit vir die invoering van die beproefde Boerestelsel wat 'n halwe eeu lank in Transvaal en Vrystaat beoefen was met gevolge wat alleen as merkwaardig beskryf kan word. Hierdie stelsel was partyloos en volks, en het niks te doen gehad met 'n eenparty-stelsel wat prinsipieel weinig verskil van 'n twee- of meerpartystelsel.**

### DIE GEVAAR

Ons koester nie die gedagte dat enige regering in ons land so dwaas sal wees om op 'n tydstip wanneer die hele Westerse wêreld teen die Oosterse Kommunisme mobiliseer, 'n onderlinge stryd teen nasionale organisasies aan die gang te sit nie — soiets kan slegs geskied in navolging van die Britse Sosialiste wat nog steeds anti-kommunistiese lande soos Spanje uitsluit om redes wat hulle beter in staat sal wees om te bepaal as redelike mense buite hul kring.

**Maar daarom juis is dit nie uitgesluit nie dat misbruik van hierdie wet op een of ander wyse gemaak sal kan word onder 'n party-bewind wat die doen en late van Londen as hoogste geidende norme van die beskawing huldig en dus ook met naarstige pligswaan Britse instellings in Suid-Afrika sal wil beskerm teen hul vervanging deur egte Suid-Afrikaanse skeppinge.**

**In elk geval sal ons wil onderstreep dat 'n wet met sulke wye magte altyd gevaarlik sal wees in die hande van 'n partybewind wat wortel op net een deel van die volk, veral**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**in Suid-Afrika. Dit maak dit soveel meer noodsaaklik dat ons 'n egte volksregeringstelsel moet kry waar die regering verteenwoordigend van die hele volk sal wees en dus sy magte teen vyande van buite die volk sal gebruik en nie teen sy „vyande" binne die volk nie.**

## *Die Vergetenes Van Duitsland (I)*

# MILJOENE DUITSERS NOG IN GEVANGESKAP VYF JAAR NA OORLOG

*(Van Ons Korrespondent in Duitsland)*

**In die afgelope jare het die sogenaamde wêreldgewete in naam van die mensheid herhaaldelik in opstand gekom en het in tallose skouprosesse as aanklaer gedien teen Duitse oorlogsmisdadigers, maar oor die onmenswaardige lot van die Duitse krygsgevangenes in Sowjet-Rusland het dit totnogtoe nog steeds geswyg. Wie van hierdie aanklaers het ooit eens 'n kykie gegee in die geweldige stapels dokumente wat in die geboue van die Duitse „opsporingsdienste vir krygsgevangenes en soekgeraakte mense" die mure tot aan die plafon toe vul? Wie van hulle het ooit in opstand gekom teen die ontsettende leed wat in die twintig miljoen kartoteek van hierdie opsporingsdienste geregistreer is?**

## Westerse Gewete Swyg Daaroor

**In hierdie kaartstelsel wat ongetwyfeld tot die treurigste in die wêreld behoort, staan die lot en getal van die mense vermeld wat uit hul woonplekke verdryf of gevulg, nog steeds rondswerf; hier word die krygsgevangenes uit Oos en Wes — uit die Belgiese Kongo, die Afrikaanse woestynkampe en die name van die soekgeraakte mense geregistreer, van wie niemand weet nie of hulle nog lewe, hulle nog êrens in krygsgevangenekampe bevind of dan wel in die laaste fase van die oorlog omgekom of weggesleep is.**

Aan die einde van die jaar 1949 was daar in Duitsland nog 6½ miljoen mense wat niks geweet het van die lot van hul familielede nie. Onder hulle duisende ouers wat hulle kinders soek en kinders wat hul ouers nie kan vind nie.

Hoe hoog die getal van al die mense is wie se lot vyf jaar na die oorlog nog in duister gehul is, weet geen mens. Mens is in Duitsland tot dusver nog steeds op geraamde syfers aangewys wat op grond van die aanmelding deur familiebetrekkinge van vermistes en deur 'n stelselmatige ondervraging van teruggekeerde gevangenes deur die opsporingsdienste ingewin is.

### IN DIE WESTE

**In die Wes-Europese lande bevind hulle nog duisende Duitse krygsgevangenes wat weens „strafbare oortredings" tydens die besetting aangekla en as oorlogsmisdadigers teruggehou word.** In Albanië is daar nog honderde oor wie se lot geen inligting verkry kan word nie. In Joegoslawië word nog duisendes as burgerlike arbeiders oftewel oorlogsmisdadigers teruggehou. In Tsjeggo-Slowakye is daar nog duisende. Wat Pole betref, word die getal op 30,000 geskat. **En drie miljoen mense — soldate en burgerlike persone wat ontvoer is — is nog vermis van wie aangeneem word dat hulle hul in Russiese gevangenekampe bevind.** Hoeveel van hulle nog lewe of reeds oorlede is, weet geen mens. Rusland was nie lid van die Geneefse konvensie vir krygsgevangenes nie en het in 'n nota van 1949 ook die voorgestelde internasionale beheer oor krygsgevangenes, wat deur die Geallieerdes voorgestel was, van die hand gewys.

### VERSTAANBAAR

Die rede hiervoor is nie moeilik te vind as mens in gedagte hou hoe die Sowjet sy krygsgevangenes behandel nie. Die Duitse opsporingsdienste en liefdadigheidsorganisasies is dan ook uiters versigtig omtrent die verstrekking van gegewens en hul uitlatings oor Duitse krygsgevangenes in Rusland. En dit is begryplik — die vrees dat hul werk daardeur nog moeiliker gemaak sal word en die gedagte dat die lot van Duitse krygsgevangenes daardeur getref sal word, weerhou hulle daarvan om meer inligting te verstrek as wat wenslik is om die onmenslike gesig van Rusland ten volle aan die kaak te stel.

**Hierdie is die eerste van 'n reeks berigte van ons korrespondent in Duitsland oor die onmenslike lot van Duitse krygsgevangenes in Rusland — 'n toestand wat deur die Westerse wêreld met gelatenheid aanvaar word.**

### WOORD GEBREEK

In die voorjaar van 1947 het die Russe onderneem om alle krygsgevangenes voor die einde van 1949 vry te laat. Maar die Sowjet het hom nie aan sy woord gehou nie. Aangesien, volgens die Kommunistiese ideologie die staat alles en die mens niks is nie, glo Rusland ook dat hy die reg het om oor krygsgevangenes na goeddunke te beskik. Onderstaande syfers wat deur een van die Duitse opsporingsdienste na noukeurige mondelinge en skriftelike ondervraging van teruggekeerde gevangenes binne een jaar geregistreer is, skets beter as iets anders hoe hierdie reg deur die Sowjet gehandhaaf word.

### DRIEKWART OORLEDE

**Daar was 2,950 vermeldings van gevangenes wat nog in een of ander kamp in Rusland lewe en 7,217 wat daar dood is.**

Begin Maart het die Wes-Duitse regering tot 'n algehele soekveldtog na krygsgevangenes en weggeraakte mense opgeroep. Elkeen is versoek om by 'n buro aan te meld in sover daar in sy eie familie of kennisse van wie niemand meer leef en dus geen melding kan maak nie, ontvoerde persone of krygsgevangenes en weggeraaktes is. Sedertdien is hollerithmasjiene dag-in dag-uit besig om die miljoenesyfers te sorteer en te registreer. **Wat die Oostelike lande en veral Rusland betref, is die name van baie miljoene nog in duister gehul. Niemand sal vereers antwoord daarop kan gee hoeveel van hierdie miljoene nog lewe en hoeveel na Duitsland sal terugkeer nie.** Van die kant van die SED (Eenheidsparty in die Russies-besette gebied) is aan die begin van die jaar verklaar:

„Die tydstip waarop die laaste transport met krygsgevangenes na Duitsland sal terugkeer, hang van die weer af."

(Word vervolg)



'n Duitse krygsgevangene van Rusland in gelapte klere teen 'n sneeubedekte agtergrond.

# „PARLEMENT WEET NIKS VAN VOLK DAARBUITE'

## Vorm 'n Wêreld Van Sy Eie

**„Die parlement, so het ek in die jare wat ek daar deurgebring het ondervind, is merendeel 'n plek waar die mense in 'n wêreld van hul eie beweeg," skryf Scott Haigh in die Cape Argus in 'n rubriek oor die parlement.**

**Hy gaan voort:**

„Gaan in die wandelgang. Groepe versamel en gesels. Die besoeker wat die plaveistene stadig betree, kry 'n vlugtige blik op die magtiges en word vervul met ontsag. Hy bevind hom in die land van die knik en die veelseggende knipoog. Onderwyl die betowering van die byekorf-atmosfeer nog oor hom hang, vermoed die besoeker dat hierdie manne met die toweragtige letters L.V. agter hul name, besig is om ernstig te beraadslaag oor groot landsake.

**WOORDBOM**

„Portrette van vergange politieke reuse kyk af op hierdie ontsaginboesemende toneel, en die besoeker fluister: ‚As ek maar net kon hoor.' **Hy is gelukkig dat die wetenskap hom nog nie van radar-ore kan voorsien nie.**

**„Waar L.V.'s ook al byeenkom, kou hulle aan die bene van gerugte en beuselagtige politiek. Een sal spog met die kwinkslag waarmee hy die agbare lid van Mbongodorp in die debat getref het. 'n Ander nimmereindigende anekdotiese vulkaan, sal besig wees om oor te borrel van 'n wilde woordbom wat die huis vyf sittings gelede geskud het.**

**SAL GESKOK WEES**

„Wat werklik in hierdie fabelhuis wat die parlement vandag is, aangaan, sal ons besoeker skok wanneer die blom af is van die betowerende appel van 'n nuwe ondervinding.

**„Ek is oortuig daarvan dat die parlement en die volk voeling met mekaar verloor het. Elkeen strompel voort in afsonderlike newels meestal van sy eie skepping.**

„Die publiek betrag die politiek, L.V.'s en die parlement met daardie verdraagsame afsydigheid wat mens het vir mense wat op pale sit of kruiwaens deur die wêreld stoot. Is dit miskien omdat twee wêreldoorloë en die opdrifsel wat oorloë op die menslike strand werp die private burger gelaat het met 'n bevrore ongeloof in alle bestaande regeringstelsels?

**ONOORBRUGBAAR**

„Hy wat sy geliefkoosde teorie te koop aanbied, verkoop 'n baie verganklike produk. **Maar ek glo dat een moontlike rede vir hierdie tydperk van defaitisme is dat die regering en die wat regeer word so ver van mekaar verwyder is dat die golf eerlang onoorbrugbaar sal wees.**

„In die parlement is daar te veel welvarende buike, te veel vermoëndes. Feitlik in die skaduwee van hierdie gebou lewe te veel met te min. **Die lewenskoste-vraagstuk het 'n akademiese pyl in die politieke koker geword. Die las van die worstelstryd teen die maandelikse rekeninge word deur weinig L.V.'s verstaan.** Vir meeste parlementslede in Suid-Afrika is daardie kunsmatige lewenskoste-indekssyfer slegs 'n bewegende vinger wat eintlik net op heel lastige wye berekenings op 'n bankbalansboek in die war stuur. Weinig het nodig om hul pennies en ponde te tel in terme van twee maaltye per dag en miskien 'n vuur om by te sit.

**BUITE VOELING**

**„Die parlement het geen besef van die verskrikkinge van die hedendaagse mens, van die toenemende vrees in die daaglikse lewe van die volk nie. L.V.'s kan nie besef dat al die argumente oor apartheid nie 'n enkele huis vir die daklose en die hongerige sal dek nie.**

„Sowel die parlement as die volk is waardevol vir die welsyn van 'n land, maar albei hardloop ver van mekaar af.

**WAT?**

**„Wat kan gedoen word sodat die strome sal terugdraai en weer verenig? Die pad terug sal miskien vir albei 'n lang, lang, moeilike werk wees. 'n Onmiddellike noodsaaklikheid is meer L.V.'s wat arm in hul sak dog ryk in doelstelling is."**

Aldus die medewerker van die Argus.

Dit is op die vraag in die slotparagraaf: „Wat kan gedoen word om die strome weer te laat verenig?" dat die Ossewabrandwag 'n antwoord probeer gee. **Vandaar sy pleidooie vir 'n nuwe staatstelsel wat meer volksverteenwoordigend sal wees, eerstens deur dat die middelmanskap van politieke partye moet plek maak vir regstreekse volksverteenwoordiging soos in die Boere-republieke, en tweedens die verteenwoordiging van die volk se ekonomiese belange in sy verskeidenheid deur middel van sy beroepe.**

## Houdings In Parlement Is Oneg

**„Die tweede helfte van die sitting is tans in volle swang. 'n Vreemdeling wat die blye herontmoeting tussen lede in die wandelgang van die raad aanskou, sal verbaas wees oor die bitterheid en partygees wat deur dieselfde lede binne in die raad geopenbaar word, en hy mag — miskien met 'n mate van reg — tot die gevolgtrekking gedwing word dat die hartlikheid in die wandelgang en die bitterheid in die raad oneg is",** skryf die parlementêre verslaggewer van die Johannesburgse weekblad Forward.

## Ses Miljoen Rooi Sjinese Onder Wapen

Die Kommunistiese Sjinese regering het nog ses miljoen man onder wapen en daar is nog geen aanduiding dat hy van plan is om hierdie reuse-leër te demobiliseer nie, word uit Londen berig.

Inmiddels heers daar groot senuweeagtigheid in Westerse kringe oor die moontlikheid dat die rooi Sjinese magte uiteindelik kan afsak op Suidoos-Asië. Daar is reeds sprake dat voorbereidsels getref word vir 'n inval in Tibet.

## Russe Oefen Vir Aanval Oor Pool

**Volgens militêre inligting in Washington is die Russe tans besig met grootskaalse lugoefeninge in die Noordpoolstreek waarby gebruik gemaak word van reuse-bomwerpers wat in staat is om 4,000 myl ver te vlieg. Hierdie nuus tesame met berigte omtrent die opleiding van valskermtroepe in die koue noorde, word beskou as 'n aanduiding dat Rusland hom voorberei om 'n aanval oor die Noordpool op Amerika te doen.**

**Daar word ook berig dat die Sowjet op die punt staan om 'n bomwerper soortgelyk aan die Amerikaanse reus B36 op groot skaal te vervaardig asook 'n viermotorige spuitbomwerper.**

# VERSOEKSKRIF TEEN TWEE MINISTERS

**'n Versoekskrif teen twee ministers, wat deur 18,000 mense onderteken is, is verlede week deur 'n Britse parlementslid, sir Waldron Smithers, by die laerhuis ingedien. Dit eis die ontslag van die twee Joodse ministers John Strachey en Shinwell uit die portefeuljes van oorlog en verdediging.**

Sir Waldron het gesê dat die teenwoordigheid van Strachey en Shinwell in die kabinet bevorderlik is vir kommunistiese en fascistiese insypeling in Brittanje.

Hoewel albei die betrokke ministers vandag ontken dat hulle Kommuniste is of was en die eerste minister, Clement Attlee, geweier het om hulle in die pad te steek, is 'n groot deel van die Britse volk, en veral Amerika baie onthuts oor hierdie twee manne met hul „pink" verlede in sulke sleutelposte.

Veral Strachey was 'n sterk voorstander van Kommunisme in die verlede en selfs in 1944 nog het hy 'n boek geskryf waarin hy Rusland in beskerming geneem het teen die kapitalistiese lande. Hy het toegegee dat daar dinge in Rusland gebeur wat nie mooi is nie, maar, het hy gesê, dit is die skuld van die kapitalistiese lande.

Dit is dus te begrype dat daar groot besorgdheid in anti-kommunistiese kringe heers oor hierdie man se posisie. Daar is 'n tyd gelede berig dat die Amerikaanse minister van buitelandse sake gedreig het om Strachey oor die hoof te sien by die verstrekking van militêre inligting aan Brittanje, maar Shinwell, wat bo Strachey staan, het aan die pers gesê dat hy alle inligting aan sy kollega sal verstrek net soos dit die beleid voorheen was.

# Bomme Volg Wet Wat Kleurgrense Wil Uitwis

**Die Amerikaanse regering is nog flink besig om alle kleurgrense by wyse van wetgewing en administratiewe optrede in Amerika uit te wis. 'n Wetsontwerp is so pas ingedien wat werkgewers wie se beleid dit is om net blankes in diens te neem, sal verplig om ook aan negers werk te gee.**

Onlangs is berig dat alle kleurgrense ook in die lugmag uitgewis is en dat die aparte eenhede vir negers opgebreek en die lede oor blanke eenhede versprei is.

**Dat hierdie pogings van die Amerikaanse regering ten gevolge het dat groter rassehaat oplaai, blyk uit onderstaande berig:**

„BIRMINGHAM (V.S.A.). — Die polisie stel hier ondersoek in na 'n reeks bombarderings van negerhuise. Saterdagaand is die woning van 'n neger-kontrakteur, B. W. Henderson, deur ontploffingstowwe beskadig, vyf dae nadat Henderson opgemerk het dat sy huis deur 'n klompie mans dopgehou word.

„Henderson sê dat hy gehoor het dat een van die mans gesê het: ‚Hierdie een sal die volgende wees.'

„Dit is die sewende soortgelyke insident wat die afgelope 14 maande voorgekom het. Geweldpleging het 'n aanvang begin neem nadat negers in hierdie gebied begin intrek het kragtens die bepalings van 'n nuwe ordonnansie wat die gebied aan hulle toeken. Die toekenning van die gebied is reeds deur die laer howe goedgekeur en dit dien tans voor die Amerikaanse hooggeregshof.

„Die woning van die negertandheelkundige, dr. J. A. Boykin, is minder as veertien dae gelede gebombardeer."

## RYKSVOORKEUR GEHANDHAAF

Die Britse minister van handel, Harold Wilson, het verlede week in die Britse laerhuis gesê dat Brittanje dit as 'n belangrike deel van sy beleid beskou om die handel met die Statebond uit te brei en om die stelsel van ryksvoorkeur te handhaaf.





„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."



DIE JAAR 1906

ALLE SIGARETTE HET BESTAAN UIT

100% INGEVOERDE TABAK



DIE JAAR 1950

SPRINGBOK-SIGARETTE BESTAAN UIT

100% SUID-AFRIKAANSE TABAK


Danksy

PIONIERSWERK

deur die vervaardigers van

SPRINGBOK

Die Nasionale Sigaret




US.401

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### IN MEMORIAM

'n Jaar van verlange is nou verby en ons dink terug aan 16 Mei 1949, toe ons dierbare eggenoot en vader, Hoofkomdt. D. A. Swanepoel, op onvergeetlike wyse van ons afskeid moes neem.

Oral het hy hoog gebou,
Die stukrag van die lewe hoog gehou.

Sy verlangende eggenote en kinders, Mooirivier, Natal. 17/5/1B

### DANKBETUIGING

Ds. M. B. Brink wens graag sy innige dank te betuig vir al die telegramme wat hy van O.B.-vriende ontvang het in verband met die heengaan van sy eggenote en ook vir die baie kranse, in sonderheid die pragtige krans van die O.B.-hoofkwartier, wat deur Dr. Van Zyl op haar graf gelê is. 17/5/1

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Siektes** en kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

**M. en F. BAER, N.D., M.B.A.N., Waterkuur, Osteopatie, Diëtetiek, Chiropraktiese en Osteopatiese masseuring. Deskundige ruggraat munipileerders.**
..Alle kwale word behandel langs natuurlike metodes in ons gesondheidstuiste.
Vir verdere besonderhede doen aansoek **Zastronstraat 87, Bloemfontein. Telefoon 4887.** 17/5/1

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**P A R O W**

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

### TE KOOP

Muilswingels teen 6/- en donkieswingels 5/6 een, trek, draaghoute teen 6/- een, op Serpentine systasie gelewer. **Koos Botha.** 3/5/4

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 291,** Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. **Foon 9-8435**

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

# DIE BEHANDELING VAN BOSBOUERS

**Uit My Reistas Deur Stapper**

Rondom 1938 het 'n domineevolksraadslid (onlangs oorlede) hom sterk uitgelaat deur te sê dat hy meer van die nie-blanke dink as van die blanke wat heeldag regering toe hardloop om hulp. (Dieselfde volksman het 'n paar jaar later die idee van nasionaal-sosialisme voorgestaan op grondslag van sy stelling dat die partystelsel uitgedien is en dat met groepverteenwoordiging elke onderdeel van die volkslewe volkome tot sy reg sal kom).

Ek herinner my die jaar 1909 — mnr. John X. Merriman was toe nog Eerste Minister van Kaap de Goede Hoop, ook bekend as Kaapkolonie — toe 'n paar duisend wynboere, wat moeg geword het van met hoed in die hand smeekberoepe aan hoogstaande persone te rig, die volksraadsgebou omsingel het om staatsvaderlike versorging vir 'n beter bestaan te verkry. Met lapwerk was iets besin, maar dit was eers met die stigting van die K.W.V. dat die boer geleer het om vir homself te sorg en alle onderdele van boerdery, uitgeslote vee en groente, versorgd is.

### SAAMSTAAN

Ek dink dat die vakbondstelsel, wat die boere so intensief afgekeur het, tog die leidraad was vir nuwe insigte, nl. saamstaan. Selfs die staat moedig die vakbondstelsel, dit wil sê groepverteenwoordiging aan; die huidige demokratiese stelsel wil nog net nie die woord „groepverteenwoordiging" erken nie.

Ek reis veel en vertoef oral lank genoeg om die plaaslike bestaanslewe te bestudeer. Op die oomblik bevind ek my tussen die bosbouers, mense wat, soos onlangs in die Praathuis meegedeel is, nie die voorspraak van 'n valkbond of 'n **groepverteenwoordigingsvereniging** geniet nie; (die woord in vet is my inlassing). Hulle is mense, soos die meeste plattelanders, wat geduldig en gedwee wag — met hoed in die hand — op redelike en billike behandeling sonder Kommunistiese tussenkoms; sommige kry dinge gedaan deur witvoetjie te speel en ander wat hulle nie vir begunstiging kan leen nie, wag op toekenning van hulle regte.

### TWEE MATE

Die bosbouers is mense wat nie bejammer wil wees nie en nie uitgeken wil wees as arme stakkers en stumperds nie. Hulle weet dat by hulle toestande bestaan wat in ander staatsondernemings nie waargeneem word nie. Hulle weet, byvoorbeeld, dat Spoorwegwerkers van 8 tot 5 werk. Hulle gaan van die standpunt uit dat 'n werksweek uit 144 uur bestaan: 48 uur in belang van die werkgewer; 48 uur in belang van self; en 48 uur vir slaap; maar hulle weet dat die Spoorwegwerkers om 8-uur na die werk vertrek en betyds ophou werk om 5-uur tuis te wees; **hulle moet een uur, anderhalwe uur en selfs twee uur ver stap en gereedskap saam dra om 7-uur die arbeidspunt te bereik en in hulle eie tyd na 5 die lang ente — na die vermoeiende dag se taak — strompelend huiswaarts aflê.**

### NAT REËN

Die bosbouers weet ook nie of hulle baadjies dounat dan wel of baadjie, hemp en onderhemp deurnat moet wees voordat hulle onder die veroorloofde skerm skuiling mag soek nie. Hulle weet ook dat hulle lewensduurtetoeslag nie gelyk staan met die van ander staatsafdelings nie.

Die staat se saagmeulens bly jaar in, jaar uit besig met die lewering van balke en planke en tog bly bosbouerhuise vir maande onbewoon terwille van een of twee vragmotorvragte vloerplanke, en die bosbouers moet toesien dat geboue vergroot word eers vir die kleinere gesinne.

### SLAGOFFERS

Hulle kan dit ook nie verstaan dat naturelle in die blanke ekonomie kan indring terwyl daar plek is vir die stumperds en stakkers wat, nie deur eie toedoen nie, gedurende die jongste droogte uitgesak het of die wyk moes neem omdat vier tot vyf aangrensende plase in een besit oorgegaan het.

Groepsverteenwoordiging sou hulle ten beste kan behartig, nie 'n kommissie van ondersoek soos voorgestel is nie; Kommissies is nie verantwoordelik nie.

# Polisiesersant Hou Sondagskool En Voorkom Misdaad

'n Sondagskool vir naturellekinders is agt jaar gelede in Alexandra, die naturellelokasie waar die grootste onluste op Meidag plaasgevind het, deur sers. P. J. Badenhorst, bevelvoerder van 'n polisiestasie aan die rand, gestig.

Hierdie Sondagskool het in die Volksraad ter sprake gekom toe die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, spesiale melding gemaak het van die pogings van sers. Badenhorst om die Sondagskool te stig en die rol wat hy gespeel het om die naturelle tot bedaring te bring en moeilikheid tydens die onluste te voorkom.

Sers. Badenhorst vertel dat dit aanvanklik slegs met die grootste moeite moontlik was om 25 naturellekinders oor te haal om die Sondagskool by te woon. Die getalle het stadig vermeerder en vandag is daar reeds meer as 500 naturellekinders in die lokasie wat die Sondagskool gereeld bywoon.

### VERWAARLOSING

Die gedagte om 'n Sondagskool te stig, het kort na sy aankoms in die lokasie by sers. Badenhorst ontstaan toe hy gemerk het dat groot getalle naturellekinders hul tyd in die strate deurbring. 'n Paar wat hy dopgehou het, het bewys dat hulle misdadigersneigings aanleer en dat met hulle niks uitgerig kon word nie.

Saam met die prinsipaal van die N.G. Kerk se sendingskool is 'n begin met die Sondagskoolklasse gemaak en na 'n paar maande was hulle vas aan die kerk en nie bereid om na ander sektes oor te gaan nie.

Die steeds groeiende ledetal het groter ruimte as wat die N.G. sendingkerk kon bied, noodsaaklik gemaak en daar is besluit om 'n sendingskool op te rig waar die Sondagskoolklasse ook gehou kon word.

Die skool, wat ruimte bied aan meer as 600 leerlinge is verlede jaar amptelik deur die Minister van Naturellesake geopen. Sedertdien was die gemiddelde bywoning van Sondagskoolklasse nog nooit onder 500 op 'n Sondag nie.

„Dit was nog nooit vir my nodig om een van die kiners wat in my Sondagskool was, vir 'n misdaad te arresteer nie", het sers. Badenhorst met trots verklaar en bygevoeg dat 'n paar duisend kinders reeds die Sondagskool bygewoon het.

Die klasse word deur sers. Badenhorst en twee blankes met die hulp van drie nieblankes gehou. 'n Aansienlike aantal van die kinders wat die Sondagskool bygewoon het, is tans besig om hulle as onderwysers en naturellesendelinge te bekwaam.

# NUWE PRESTASIE VAN ONDERSTEPOORT

**Onderstepoort, wat reeds wêreldberoemdheid verwerf het vir sy veeartseny-navorsing, het daarin geslaag om 'n entstof teen hondesiekte te ontwikkel, word berig. Die ontdekking is van wêreldbelang en monsters van die stof word tans na verskillende lande gestuur waar dit getoets sal word.**

**Die entstof sal eers na deeglike proefnemings vir algemene gebruik beskikbaar gestel word.**

# Nu-Seeland Wil Hoërhuis Afskaf

**Die Nu-Seelandse eerste minister het aangekondig dat daar aanstaande jaar wetgewing ingedien sal word om die hoërhuis af te skaf. Uit die persberig kon nie afgelei word of die eerste minister iets anders in die plek daarvan beoog nie, maar wat wel afgelei kan word is dat die hoër wetgewende liggaam in Nu-Seeland dieselfde nutteloosheid openbaar as ons senaat hier. Die rede daarvoor is omdat daar geen funksionele verskil tussen die twee „huise" is nie. Die senaat of hoërhuis is eenvoudig 'n duplikaat van die volksraad waar, op voorskrif van die koukusse, die partylede presies dieselfde standpunt inneem as in die volksraad.**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# MOET BIETJIE WAG!

**Mnr. B. J. Stander, Geelhoutkloof, Pk. Sandbult, skryf:**

As 'n mens die stuk in Die O.B. van 5 April lees in verband met wat die Engelse geestelike, Peter H. H. Nicoll, sê oor sy land in verband met die onlangse wêreld-oorlog, dan sien 'n mens uit na die dag wanneer Rusland vir Engeland sal laat dubbel die prys betaal wat die Afrikaner, Duitsland en meer as een land moes betaal. As ons regering net nie weer baie gou inmeng nie. Ons kan nie toelaat dat Rusland wen nie, maar laat ons inspring by die V.S.A. nadat Engeland reeds verdwyn het.

# Die Tyd Word Min!

Almal wat **republikeine** is . . .
Almal wat ware **volkseenheid** nastreef . . .
Almal wat 'n **blanke toekoms** soek . . .
het belang daarby dat Die O.B. deur soveel as moontlik gelees word.

Help ons om nog 'n intekenaar te kry en u skakel nog 'n krag by in die stryd vir volk en vaderland.

Vul onderstaande intekenvorm in en pos saam met geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*.......................

.......................*vir die eerste*.......................*maande.*

*NAAM*.......................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*.......................

.......................

.......................

.......................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

DIE BOEREJEUG
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 17 MEI 1950

## ONS VERVOLGVERHAAL

# SOKKERSPAN in DONKERBAAI

Die skipper het sy pyp na die ander hoek van sy mond geskuif en die stuurtou om die pen van die wiel gehak voordat hy uit sy stuurkamer uitklim.

„H'm, weet nie, Olaff, die deinserigheid daar na bakboord?"

Hy het met sy pyp na die Suide gewys waar die lig effe donkerder vertoon het.

„Ek sien nie meer so goed nie. Wat dink jy?"

„Ek dink ons sal moeilikheid kry. Daar is hoë waters daaronder."

„H'm, dink jy so? sal ons nog 'n rukkie dieselfde koers hou?"

Olaff Hansen het nie dadelik geantwoord nie en die skipper het by hom bly staan.

Die seuns het almal begin belangstel in die „depressie in die Suid," soos oom Hans dit genoem het, maar hulle kon nie veel uitmaak nie.

Robbe-eiland het duidelik aan stuurboord begin vertoon. Die rigting was nog steeds dieselfde en dit wou amper lyk asof hulle van plan was om by die eiland verby te vaar.

'n Fris windjie uit die Suide het skielik opgekom en aan die seile gepluk.

Skipper Liebeström het sy wiel 'n paar minute gedraai om die koers te vind en weer op dek gekom.

Die wind het wit maanhare hier en daar op die golwe gepiets. Seemeeue het skreeuend oorgevlieg.

„H'm. Die voëls vlieg weg van die land af. Axel, dit is miskien beter as ons draai. Ons kan maklik teen Robbe-eiland vasgekeer word." Hy het met sy pyp se steel in Wouter se rigting gewys. „Hulle wil môre speel."

„Watter onsin is dit? Is jy bang vir die bietjie wind?"

Wouter het gevoel dit is 'n plig om in die bresse te tree. Daar het Robbe-eiland 'n paar honderd tree van hulle af gelê en die ou man sal nou voorstel dat hulle omdraai.

Die skipper het alle vertroue in sy vriend se oordeel gehad. As hulle alleen was sou hy met die „Albatros" reguit in 'n Poolse storm vaar, maar hy het sy verantwoordelikheid teenoor die seuns besef.

Hy het geaarsel — nie omdat hy besluiteloos was nie, maar om 'n bietjie die see dop te hou. Sy oë was nie meer so goed soos dié van Olaff Hansen nie en hy wou 'n bietjie tyd wen.

Wouter het sy aarseling dadelik as 'n swakheid beskou. Op sy jare handel mense nog op ingewing, en boonop dadelik.

„Skipper, ons het die boot gehuur om na Robbe-eiland te vaar en nie om vir 'n ou man se onsin halfpad om te draai nie. Daar lê die eiland voor ons. Waarvoor sal ons nou omdraai?"

Met sy oë op die see het die skipper stadig gepraat.

„As die see opkom is hy gevaarlik. Julle wil môre sokker speel. Die storms hier kan tot drie dae aanhou."

„Ry maar deur eiland-toe. Ons sal wel môre speel al moet ons die endjie terug swem as jou ou boot ons nie kan neem nie."

Axel Liebeström het geweet dit is die onervarenheid van die jeug wat praat. Hy was al oud genoeg om nie meer persoonlike beledigings aan te neem as dit nie juis so bedoel was nie, maar sy boot was nader aan hom as hyself. Dat iemand sy „Albatros" as 'n „ou boot" kan beskryf het sy seemanshart diep gewond.

Hy het hom egter nie verwerdig om daarop te antwoord nie. Hy kon self sien dat die wit maanhare op die golwe reis en dat groot branders op die afstand teen Robbe-eiland se koppe breek. Die see het 'n grys-groen kleur gekry en die voorseil het teen die wind gesing.

Hy het die stuur na bakboord omgegooi en die voorskip het links teen die wind geswenk.

„Draai jy?"

Wouter was bleek van woede. Olaff Hansen het probeer paai.

„Die storm kom, jongman — ons ken die see."

„So! en wie het jou miskien saamgenooi? ek moes jou by die kaai al van die boot afgesmyt het."

„Ag kom, Wouter, jy moenie met oom Hans lol nie; hy weet beter," het Jean van agter die stuurhuis uitgesê. „Kom ons sing liewer weer iets." Hy het heelwat beter gevoel.

Olaff Hansen het sy staanplek langs die stuurhuis ingeneem en geen verdere kommentaar gelewer nie.

Met die wind agter hom en sy motor in die hoogste versneller het die „Albatros" verbasende spoed vir dié tipe boot ontwikkel, asof hy wis dat hy op pad huis-toe was.

Koos-Piet het moedig sy ghitaar geteister en Jean het sy bes gedoen, meer om Wouter te kalmeer dan omdat hulle daartoe lus gevoel het.

Die seuns het almal voor die stuurhuis gebondel om uit die wind te kom.

Skipper Liebeström het sy reënjas oor sy baadjie aangetrek en sy stormhoed opgesit.

„Wil jy 'n jas aantrek? Ek het nog een."

„Dankie. Nee."

Hansen het sy kraag omgeslaan en sy hoed vaster op sy kop gedruk. Hy het langs die stuurhuis bly staan.

Groot golwe het groen van agter af aangerol gekom en die wind teen die grootseil het die voorskip taamlik laag laat sny.

Die skipper het na die seil gekyk en die pieke agter Donkerbaai gepeil asof hy die afstand wou skat. Die seil skep te veel wind, maar die bykomstige spoed wat dit meebring het die gevaar gebalanseer.

„Baas, die seil word swaar," het Adoons by die katrol gesê.

Die skipper het 'n slag na die see geloer en sy stuurwiel effens na bakboord gedraai.

'n Geweldige golf het voor hulle opgedoem en 'n rukwind in die groot seil het die waters swaar oor die voorstewe laat breek.

'n Oomblik het die boot van die slag gebeef, maar met behulp van sy getroue motor het hy homself opgehef en bo-op die golf beland.

Die skuinsdek het alle waters spoedig deur die sluispoorte uitgelaat en was in 'n oomblik afgedroog hoewel Vaalwater se sokkerspelers taamlik nat gespat was.

Die ghitaar was nou doodstil. Selfs Wouter het sy oë op die groot golwe gehou en aan die stuurhuis gekleef.

„Laat die grootseil neer!"

Doons het die glytou teen die mas losgewoel en met 'n ringtinkel van ringe het die seil fladderend op die dek beland.

Behendig het die volk dit om die klewerboom gepak en met toue vasgebind. Die klewerboom self is in die mikstokke vasgebind.

Die wind het gaandeweg sterker geword sodat daar nie 'n afname in spoed was nie, al het hulle net met die motor en die stormseil gevaar.

Met die grootseil af het die voorskip hoër uit die water gelig sodat daar 'n verposing was.

Twee seuns het gelyktydig siek geword, maar hulle het nie hulle houvas verwissel nie.

Swaar golwe het oor die agterstewe gebreek en oor die dek gespoel.

Donkerbaai het nader vertoon. Die halfmaan van die baai het wyer geword asof dit die seevaarders welkom heet, maar in die monding het die rotse in groot skuimkolke uitgestaan.

Die „Albatros" het onder in die trog beland en bo-op hoë kruine uitgeklim, maar steeds voortgesnel.

Die wind was sterk. Die mas het gesing. Skipper Liebeström het later die stormseil ook laat inhaal.

Eindelik was die baai naby. Nog 'n paar minute en hulle sou deur die brekers, verby die lighuis vaar waar die kalm hawewater vir hulle wag. Hy sou graag die seuns aan wal sit.

Toe het dit gekom. 'n Uitroep van Adoons wat aan die klewerboom klou, het hulle aandag daarop gevestig.

(Word vervolg)

## VERJAARDAG-KETTING

**MEI**

18 Rykie Wassenaar, Middelburg, Tvl.
Susanna Kilian, Middelburg, Tvl.
Jan en Anna Pienaar, Ceres, K.P.
19 Gertruide Roets, Rustenburg, Tvl.
Anna Herholdt, Koffiefontein.
20 Elizabeth Eloff, Boshoek, Tvl.
Martha Landman, Humansdorp, K.P.
Theo Bohlmann, Paarl, K.P.
Magda Fourie, Oudtshoorn, K.P.
23 Jacobus van der Westhuizen, Loxton.
Kasper van Wyk, Paarl.

## Boerejeug-uniforms

Boereseuns wat uniforms wil aanskaf word versoek om so 'n bietjie geduld te beoefen, aangesien daar moontlik ietwat vertraging met die aanstuur van hulle bestellings mag voorkom. Die firma wat voorheen die drag verkoop het, is intussen verkoop en ons is op die oomblik besig om oor hierdie saak te onderhandel.

Hou ons blad dop vir verdere besonderhede oor waar u in die toekoms bestellings moet plaas.

## VIR DIE DOGTERS:

# DIE TAAK VAN DIE VROU IN DIE VOLKSLEWE

Die volksgemeenskap kan ons by 'n groot gebou vergelyk. En in die oprigting van daardie gebou het die man en die vrou elkeen sy of haar afsonderlike taak. Hulle kan en moet saamwerk, maar die een kan en mag nie die plek van die ander inneem nie.

Uit die aard van sy samestelling sal die man die gestalte aan die gebou gee: Hy sal die vorm wat dit gaan aanneem uitdink, die swaar klippe kap en die messelwerk doen. En soos in die middeleeue die ridders hulle kastele bewaak het deur hoë wagtorings te bou, slote rondom te grawe en valbrue daaroor te bou om die vyand uit te hou, is die oë van die man gerig op die gevare wat die volksbestaan bedreig. Met ander woorde, die man is verantwoordelik vir die staatsvorm, die staatsregering, die administrasie, die finansies, die verdediging.

En die vrou? Soos in haar eie huis, is sy verantwoordelik vir die sindelikheid en die gees van liefde en opoffering wat in elke gelukkige huisgesin aanwesig is. Die mooiste woning is tog maar niks anders nie as 'n yskoue kelder, wanneer die liefde en eensgesindheid ontbreek. Per slot van sake maak dit nie saak hoe klein en eenvoudig 'n woninkie is nie — dit is die gees wat daar heers wat van die grootste belang is: die mooi vrolike blomtuintjie daarvoor, die fris gestyfde gordyntjies, die netjiese vertrekkies, en die vriendelik-glimlaggende huisvroutjie.

Van nature is die taak van die vrou hoofsaaklik beperk tot die huisgesin. Sy is nie net die moeder van haar eie kinders nie, maar terselfdertyd ook die moeder en opvoeder van die volkshuisgesin. Sy skenk nie alleen lewe nie, maar is die skenker van die geestelike lewe aan haar volk.

Dit hang van die vrou af wat die gees en karakter is van die volk waartoe sy behoort. Die kind aan die huis word meestal aan die opvoeding wat hy van sy moeder ontvang het, geken. Daardie agtergrond wat sy aan hom gegee het, sal hom nooit verlaat nie. So vind ons dikwels dat die grootste geleerdes soms die grootste buffels kan wees, terwyl die armste padwerker soms die lieflikste glimlag het. Dit is die invloed van die huislike agtergrond; die opvoeding van die moeder wat nog hier spreek.

In ons eie huise is die moeder, meer as die vader, verantwoordelik vir die aankweek van sekere deugde soos eerlikheid, opregtheid, sindelikheid, saamhorigheid, en arbeidsaamheid. En die waardes wat in die huisgesin geld, word weer in die breëre volkslewe weerspieël.

Verniet om eerlikheid te soek by 'n volk as hierdie deug nie deur die moeder in die huisgesin aangekweek is nie. Waar die vader van die huis meestal besig is met 'n beroep ten einde sy huisgesin finansieel te onderhou, is dit die moeder wat verantwoordelik is vir die vorming van die karakters en die onderlinge gees van saamhorigheid wat daar onder die verskillende lede van die gesin moet heers. As Boet en Sus veg, is dit sy wat tussenbeide tree en wat moet weet hoe om die moeilikheid uit die wêreld te maak sonder dat daar by een van die twee nog 'n kwaaie gesindheid teenoor die ander is.

Dit is die moeder wat, naas die kweking van sosiale deugde soos eerlikheid, getrouheid, ens. ook die kulturele en geestelike agtergrond aan die kinders moet gee. Dit is sy wat die dogters in die weë van die voorgeslag (natuurlik aangepas by moderne omstandighede) moet lei. Dit is sy wat hulle leer om 'n nasionale karakter aan hulle huise in die versiering daarvan te gee. Dit is sy wat die geskiedenis van haar volk aan die kleingoed deur middel van verhaaltjies moet vertel. En hoeveel moeders doen dit vandag? Hoeveel vertel nog die verhaal van Dirkie Uys, Wolraad Woltemade, Rachel de Beer, en Amajuba?

Maar die moeder moet ook die skone in die lewe aan haar kinders wys: Sy is die een wat hulle leer om die fynste stekies te borduur, die kleure saam te stel; sy is die een wat die dogters help met die blomrangskikkings en dit is sy wat ons skilders, beeldhouers, digters en die musiekmeesters van die wêreld aan hulle bekendstel.

En as ons moeders arm van gees is en hulle plig op hierdie gebied versaak, sal die volk, waarvan sy terselfdertyd ook die volksmoeder is, geestelik wegkwyn, al besit dit ook die goud van die wêreld.

## Stel Jy Belang?

Ons ontvang nog gereeld navraag van ons lede wat nie by die Boerejeug ingeskakel is nie, hoe hulle dan aan die aktiwiteite van die Boerejeug kan deelneem. Onthou julle, ons het omtrent so 'n jaar gelede alle belangstellendes uitgenooi om met ons te skakel.

Die feit dat ons nou nog navraag ontvang, laat ons vermoed dat daar moontlik nog lesers is wat graag by een van ons eenhede ingeskakel wil word, maar nie weet hoe om te werk te gaan nie. Om hulle die kans te bied, sluit ons weer hierby 'n vormpie in, wat die sakie makliker sal maak. Veral wil ons weer kontak maak met persone wat voorheen lede van die Boerejeug was, en om een of ander rede voeling verloor het.

### VORM VAN BEKENDSTELLING

Ek stel in die Boerejeug en sy aktiwiteite belang en sal dit waardeer as u my op hoogte met u werksaamhede wil hou. Besonderhede oor myself verstrek ek hieronder:

Naam en van: ..................................................

Adres: ..................................................

Ouderdom: ..................................................

Skoolstanderd (indien): ..................................................

Ek was voorheen lid van die Boerejeug. Ja/nee.

In watter dorp: ..................................................

(Pos hierdie vorm dadelik aan: Die Boerejeug, Posbus 3471, Kaapstad.)

*Ander Se Menings*

# TYD RYP OM KLEURVRAAG VOLKSAAK TE MAAK

**Die Vaderland se parlementêre verslaggewer berig dat daar in parlementêre kringe 'n sterk mening bestaan dat 'n wapenstilstand tussen die politieke partye oor die kleurvraagstuk moontlik en hoogs wenslik is. Die groot moeilikheid is egter dat niemand weet hoe om die saak aan te pak nie. Dr. Malan se uitnodiging in die verlede aan die opposisie is nog steeds deur genl. Smuts verwerp omdat dr. Malan die voorwaarde daaraan geheg het dat dit op 'n grondslag van „apartheid" moet geskied.**

„Vooraanstaande lede van albei partye voel egter dat hierdie geskil oor prosedure tussen die twee partye met goeie wil en die regte gesindheid uit die weg geruim kan word. Daar word op gewys dat genl. Smuts sy party definitief verbind het tot 'n beleid van „afsondering". . . **Die vraag word nou gestel of die nodige ooreenstemming nie bereik kan word as die twee leiers ooreen sou kom om in die opdrag van 'n gesamentlike komitee beide terme te aanvaar nie. Dit sal dan beteken dat die gekose komitee 'n oplossing moet soek op grondslag van „apartheid of afsondering".**

## TYD NOU RYP

In sy weeklikse politieke kommentaar in die Cape Argus bepleit mnr. H. G. Lawrence weereens 'n nie-partypolitieke benadering van die kleurvraagstuk. Hy verklaar dat dit nie saak maak watter vorm dit aanneem nie, 'n nasionale konvensie of iets anders, solank dit net gedoen word in die regte gesindheid.

**„Wat duidelik is, is dat die Verenigde Party gesamentlike bespreking van die vraagstuk sal verwelkom. Dit is ook duidelik uit onlangse verklarings van mnr. Havenga, mev. Ballinger en mnr. Christie dat die Afrikanerparty, die naturelleverteenwoordigers in die parlement en die Arbeidersparty 'n nie-partypolitieke benadering van hierdie vraagstuk begeer.**

### SMUTS SE GEBAAR

„Al die tekens is nou gunstig en dr. Malan moenie nalaat om die geleentheid verby te laat gaan nie. Die weg is vir hom gebaan deur die optrede van genl. Smuts en die Verenigde Party deur nie die mosie van mev. Ballinger vir die verdaging van die raad ten einde die Meidag-onluste te bespreek, te ondersteun nie . . . Genl. Smuts se optrede bewys voldoende aan dr. Malan dat die Verenigde Party die Randse gebeure in 'n te ernstige lig beskou om dit in die partytwis te sleep.

Dit was 'n aankondiging van sy bereidwilligheid en dié van die Verenigde Party om partybelange aan landsbelange te onderwerp.

### ONUS OP DR. MALAN

Dr. Malan mag nie hierdie gebaar onopgemerk laat verby gaan nie. Die verpligting rus nou op hom. Indien die vorm van agenda moeilikheid veroorsaak, laat hom dan voorlopige samesprekings met die partyleiers hou ten einde eenstemmigheid te verkry oor 'n agenda. **Hy het dit onlangs met die regering van Indië gedoen, selfs al het die kans op uiteindelike welslae baie gering gelyk. Die noodsaaklikheid van volksvoortbestaan eis sekerlik dat hy dieselfde probeerslag kan onderneem ten einde vrede met sy eie mense te bewerkstellig?"**

## WEINIG VERSKIL BLY OOR

Die Cape Times skryf in 'n hoofartikel:

„Met die oog op die onlangse beleidsverklaring van die Minister van Naturellesake skyn daar nou geen rede meer te wees waarom die twee groot partye nie tot 'n ooreenkoms oor naturellebeleid kan kom nie. **Volgens dr. Jansen se verklaring verskil die regering en die Verenigde Party se beleid net op een of twee punte, waarvan die grootste die van parlementêre verteenwoordiging is. Tussen segregasie en apartheid skyn daar nog net 'n verskil in naam te wees.** Moet hierdie verskille altoos 'n oplossing deur ooreenkoms verhoed en die naturellebeleid 'n soort vlottende trofee vir mededinging tussen die twee partye wees met ampsbekleding en mag vir die een wat wen?

„'n Nie-partypolitieke benadering sal allerweë verwelkom word, **maar geen nie-partypolitieke samespreking kan plaasvind indien voorwaardes neergelê word dat 'n bepaalde beleid as grondslag vir die bespreking moet dien nie. Dit is wat dr. Malan se vorige aanbod aan die Verenigde Party bederf het.** Die enigste voorwaarde behoort te wees dat al die partye na vore sal kom met die vaste voorneme om 'n praktiese en ware volksbeleid te ontwerp. Daar is geen ander grondslag nie."

# NOG GEEN VOLK

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

**rellevraagstuk e.a. aan die beurt is. Maar partybelang en partydekreet verydel optrede volgens oortuiging. In die gunstigste geval kom Regeringsparty en Opposisieparty miskien 'n enkele keer ooreen om 'n dringende saak bo die partypolitiek te verhef — 'n stilswygende erkenning van die hopeloosheid van die stelsel.** Hoe dit sy, op so 'n tydstip is die verwagtings hoog gespan en die volk is bly.

### KOMPROMIS

Jammer dat dit so selde voorkom en dat die weg na samewerking soveel dorings bevat. Want sodanige samewerking staan noodwendig in die teken van kompromis. Streng geheime samesprake tussen leidende figure gaan daaraan vooraf. Van weerskante word voorwaardes gestel en toegewings gedoen. **Hoofoorweging bly te dikwels dat elke party sonder verlies aan prestige of standpunt anderkant uit sal kom. Gevolg: 'n vertroebelde, afgewaterde produk wat niemand ten volle bevredig nie.**

**PARTY PLUS PARTY is by verre nog nie gelyk aan VOLK nie. Buitendien, is elke maatreël wat die moeite werd is om die aandag van die Volksraad te geniet, dan nie gewigtig genoeg om in 'n gees van samewerking behandel en deurgevoer te word nie?** Wat 'n toestand as ons kinderlik dankbaar moet wees wanneer dit 'n enkele keer gebeur!

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Grondslag Vir Duits-Franse Samewerking

**Robert Schuman, Franse minister van buitelandse sake, het die wêreld verlede week verras met 'n ingrypende voorstel in verband met Frans-Duitse samewerking wat beskou kan word as dié grondslag vir Europese eenheid. Hoewel Britse politici nie anders kan as om hulle gunstig oor die plan uit te laat nie, wil dit egter voorkom of heelwat teenstand van Britse handelsbelange oorkom sal moet word omdat Brittanje vastelandse mededinging in die staalnywerheid vrees.**

Die plan van Schuman, wat onmiddellik gunstige reaksie in Duitsland en Amerika uitgelok het, kom daarop neer dat die swaar nywerhede van Frankryk en Duitsland en ook ander Europese lande, as hulle wil, onder 'n gemeenskaplike gesag geplaas word. **Dit beteken dat die hele Frans-Duitse staal- en steenkoolnywerheid verenig sal word — 'n stap wat toekomstige oorloë tussen die twee lande onmoontlik maak. Daarmee verval dan ook die grootste struikelblok op die pad van 'n verenigde Europa met Duitsland en Frankryk as die vernaamste lede.**

Die plan behels 'n gemeenskaplike opperste gesag wat verantwoordelik is vir die modernisering van produksie en die verbetering van kwaliteit. Steenkool en staal moet aan Duitse en Franse markte verskaf word onder dieselfde voorwaardes, en uitvoer na die buiteland geskied uit 'n gemeenskaplike pot. Dieselfde werkstoestande moet in die twee lande geld.

### BRITSE VREES

Die reaksie van die kant van Britse staalbelange is dat dit Brittanje nadelig kan tref. **Brittanje het 'n groot afsetgebied vir staal in die buiteland teen pryse wat aansienlik hoër is as in Brittanje en nog hoër as op die vasteland. Terselfdertyd het Brittanje groot hoeveelhede staal van die Europese vasteland ingevoer vir tuisgebruik of vir heruitvoer. In die verband kan gemeld word dat Suid-Afrikaanse invoerders ook ondervind dat ysterware wat hulle van Engeland af invoer, dikwels van Europese fabrikaat is sodat Brittanje eintlik middelman speel op hierdie gebied. Die verdwyning van onderlinge Europese mededinging, so vrees die Britse staalbelange, sal hierdie winsgewende handel nadelig tref.**

### HEF IN HANDE

Hoewel die Franse plan met geesdrif in Duitsland ontvang is, en die kanselier van Wes-Duitsland, dr. Adenauer, dit as 'n „grootmoedige daad" bestempel het, beteken die voorgestelde reëling tog dat Frankryk vir 'n groot deel die hef in die hande hou. **Die Duitse staalproduksie sal nie hoër opgeskuif word as die vasgepende grens van 11 miljoen ton per jaar nie. Duitsland sal aan Frankryk goedkoop steenkool lewer en Frankryk aan Duitsland die staal. Hiermee verseker Frankryk dat Duitsland nie weer kan bewapen nie.**

# Russiese ‚Pierings' Is Maar Leë Doppie Van Eintlike Ding

Onder die opskrif „vlieënde pierings" verwys Intelligence Digest in sy jongste uitgawe na 'n berig in sy uitgawe van Oktober 1947 omtrent die ontwikkeling van sekere vlieënde wapens deur Rusland, waarin die volgende beskrywing voorkom:

**„Onder hierdie vlieënde wapens is een met byna fenomenale vermoë, snelheid en afstand. Dit is 'n soort vuurpyl waarvan die vlug gehandhaaf word deur die ontploffing van 'n reeks agtereenvolgend-gestelde ladings. Elke ontploffing skiet die vuurpyl met 'n vermeerderde snelheid na vore. Op die oomblik van die ontploffing word 'n pieringvormige voorwerp met groot krag uitgewerp soos die leë doppie van 'n patroon. Hierdie skywe is, na vermoed word, onskadelik en verdwyn gewoonlik voordat hulle die grond bereik."**

# „Tirannie Van Partysweep"

'n Berig van sy politieke korrespondent in die Argus lui onder meer:

„Daar is weinig ondankbaarder take as die van die partyswepe. Hul pligte is veelvoudig en hul geduld moet onuitputlik wees. **Hulle reël die volgorde van sprekers wat moet antwoord op die argumente van die anderkant van die raad.** Dit bring mee dat hulle 'n noulettende oog moet hou op elke stadium van elke debat en L.V.'s op hul sitplekke moet hou.

„Swepe moet taktvol wees en moet die geaardheid van elke L.V. ken. Sommige lede word nie maklik gedissiplineer nie. **Indien takt nie slaag nie, moet hulle hul gesag uitoefen, of teensinnige L.V.'s nou al daarvan hou of nie."**

KRY
LIEWER U
WINTER-
UITRUSTING
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow

BRILLE
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

Kotzé
Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD